HOOFSTUK 9

# Opsomming

## Deurlopende voorraadstelsel

- Die onderneming hou rekord deur gebruik te maak van 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel vir die aankoop en verkoop van voorraad.
- Dit verseker dat die onderneming presies weet hoeveel voorraad dit ten alle tye op duie rakke benodig.
- Die saldo aan die einde van die maand sal dus aandui hoeveel voorraad aangekoop moet word om die op die rakke aan te vul.
- Indien daar 'n verlies van voorraad is kan daar onmiddellik beheermaatreëls toegepas word.
- Die nadeel is dat die stelsel tydrowend en duur kan wees om te bedryf.

## Periodieke voorraadstelsel

- Is 'n metode waar die waarde van die voorraad periodiek bepaal word deur die uitvoer van 'n fisiese voorraadopname.
- Dit verskaf die voorraad en kosprys van goedere verkoop slegs wanneer daar 'n fisiese voorraadopname gehou word. (byvoorbeeld jaareinde).
- voordele is dat die stelsel min werk behels en ook koste effektief is.
- Nadele:
  - » Wins or verlies word net aan die einde van periode bepaal.
  - » Voorraadverliese/winste word slags waargeneem aan die einde van jaar wanneer die fisiese voorraadopname plaasvind.
  - » Tekort aan toeganklike en beskikbare voorraad data.
  - » Verkope word aangeteken wanneer die verkoopstransaksie plaasvind maar geen inskrywing word oor die koste van die transaksie gemaak nie.
  - » Rekords wat die aantal en kosprys per eenheid van individuele voorraaditems aandui word nie bygehou nie.
  - » Voorraad voorhande word bepaal deur 'n fisiese voorraadopname, en da kan die kosprys van verkope bereken word.

## Berekening van kosprys van verkope

| | R |
|---|---|
| Openingsvoorraad | XXXX |
| Aankope | XXXX |
| Vraggeld op aankope | XXXX |
| Invoerbelasting | XXXX |
| Hoeveelheid beskikbaar vir verkope | XXXX |
| Sluitingsvoorraad | (XXXX) |
| Kosprys van verkope | XXXX |